

skoolreëls vir leerders

VERKLARING

Ouers en leerders se aandag word daarop gevestig dat *die reëls en regulasies wat hierin vervat is, slegs die belangrikste aspekte van die skool se gedragskode en dissiplinêre stelsel uitlig* en dat *die volledige gedragskode op aanvraag en teen vasgestelde tarief beskikbaar is*. Dit is aan te beveel dat u die VOLLEDIGE gedragskode (wat ook die uitbreiding op die skoolreëls bevat) deurlees. Navrae kan ook gerig word aan die HOOF, die kantoor asook die Dissipline Kantoor.

**LET DAAROP: ENIGE ONDERHOUDE DEUR DIE HOOF,
ADJUNKHOOFDE EN DEPARTEMENTSHOOFDE
KAN OPGENEEM WORD**

Afwesighede en deregistrasie	14.1 tot 14.7
Afwesighede toetse, eksamens, portefeulje	14.3
Brand en -toerusting	6.2; 7.10; 8.1; 8.2; 17.3
Boelie & Baklei	7.5; 18; 19
Drank; dwelms; hubbly	7.4; 17.4; 17.5
Dagboek	9.6; 9.7; 12.1; 12.5
Diefstal	10.1-10.3; 13.2; 10.6
Fietse	10.4; 10.5
Hoofhek: op- en aflaa	5.3; 5.9; 6.4
Laatkom	5.5
Motorfietse	5.1
Motors	5.2
Rook, hubbly en rooktoestelle	7.9; 17.3; 17.5
Selfone en oorfone	16.1 tot 16.6
Seksuele Teistering	19; 18; 7.5
Siekekamer	6.4.2; 15.2
Tatoeëermerke	17.2; 22.8; 22.9; 23.4.2; 24.1
Vandalisme	10.6; 11.2; 6.2
Verbode gebied/terrein	6.4.1 tot 6.4.3
Verbode op die terrein	7.1 tot 7.10
Voorkoms: seuns	22 en 24 alle onderafdelings
Voorkoms: dogters	22 en 23 alle onderafdelings
Vroeg loop/skoolterrein verlaat	5.6
Wapens	7.6

1. ALGEMEEN

- 1.1 Die beheerliggaam is wetlik verplig om 'n gedragskode op te stel, om die regte van die opvoeders, leerders en ouers binne die skoolverband te beskerm. In hierdie skoolgemeenskap is 'n gedragskode noodsaaklik om die opvoedkundige doelstellings van die skool te bereik, soos deur die visie en missie van die skool onderskryf is.
- 1.2 Orde, dissipline en respektering van elke individu, vorm die grondslag vir sukses en 'n gelukkige skoolgemeenskap.
- 1.3 Christelike beginsels dien as grondslag vir die gedragskode.
- 1.4 Hierdie gedragskode erken die reg van elke individu op behoorlike onderrig en deelname aan alle skoolaktiwiteite sonder ontwrigting.
- 1.5 Hierdie gedragskode erken die volgende: die Onderwyswette, die Wet op Basiese Menseregte en die gedragskode vir die onderwysers.

2. DOELSTELLINGS

- 2.1 Die gemeenskap en onderwyspersoneel verwag dat die leerders netjies, goed gemanierd, beleefd, getrou en eerlik sal wees.
- 2.2 Om aan elke leerder die volle geleentheid te gee vir optimale ontwikkeling van sy/haar vermoëns en talente op alle Christelik opvoedkundige terreine waarop die skool hom mag begeef.
- 2.3 Om aan elke leerder die geleentheid te bied om hom/haar maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe.
- 2.4 Om aan elke leerder veiligheid, sekuriteit en geborgenheid te bied sodat hy/sy as 'n unieke individu met sy/haar besondere eienskappe en behoeftes binne die skoolgemeenskap kan funksioneer.
- 2.5 Om leerders die beginsel aan te leer van: "om vir mekaar om te gee en mekaar se belange op die hart te dra", in 'n gees van samewerking en ondersteuning.
- 2.6 Om as skool en ouers in vennootskap die beste aan die kind te bied deur effektiewe kommunikasie.

3. VOOGSTELSEL

Om bogenoemde doelstellings te kan bereik, is 'n gedesentraliseerde voogstelsel noodsaaklik wat bestaan uit die volgende fasette:

- Hoof
- Adjunkhoofde as fasehoofde
- Dissiplinêre Hoof

- Graadhoofde en graadvoogde
- Voogklasse en onderwysers
- Buitemuurse aktiwiteite – Afrigters en/of organiseerders
- Leerder Verteenwoordigende Raad (LVR)
- Ouerondersteuning

4. BEMAGTIGING VAN PERSONEEL

Elke personeellid is bemaagtig om 'n leerder wat steurend, ontwrigtend en tydverkwistend optree, te hanteer op een van die volgende wyses soos wat hy/sy oordeel:

- 4.1 Waarskuwing.
- 4.2 Aanteken van oortreding (D2) wat by die Dissipline Kantoor ingehandig word.
- 4.3 Hantering van insident deur graadhoof/ departementshoofde/adjunkhoofde
- 4.4 Leerder na skool te hou om sodoende agterstallige werk in te haal. Ouer/leerder sal skriftelik in kennis gestel word.

A. SKOOL EN ORDEREËLS

LW dat die gedragskode (ingesluit die skoolreëls) van toepassing is

- Op die perseel van die skool, tydens of na skoolure
- Gedurende skoolaktiwiteite, binne of buite die perseel, gedurende of buite skoolure, selfs sonder dat skooluniform gedra word.
- Op enige stadium wanneer die skooluniform gedra word, selfs na skoolure en buite die skoolterrein.

5. Reëlins met betrekking tot die binnekom en verlaat van die skoolterrein.

5.1 *Motorfietse:*

- Kom slegs by die hoofhek in.
- Toon geldige lisensie aan die hekwag.
- Parkeer op die plaveisel aan die linkerkant van hoofingang.
- Hierdie reël geld tydens skoolure, voor en na skool en tydens enige ander aktiwiteite by die skool.

- 5.1.1 Geen leerder mag laat by die skool aankom of die skool voor die einde van die dag verlaat nie: sien 5.5 hieronder.

5.1.2 Toestemming om die skoolterrein tydens skoolure te verlaat: sien **5.6** hieronder.

5.2 *Motors:*

- Kom slegs by die WESHEK in.
- Wees in besit van 'n geldige lisensie.
- Geen leerder sonder 'n geldige rybewys sal toegelaat word nie.
- Parkering is slegs aan die WESTEKANT van die skool.
- Geen leerder mag tydens skoolure in motor sit of kuier nie.

5.2.1 Geen leerder mag laat by die skool aankom of die skool voor die einde van die dag verlaat nie.

5.2.2 Toestemming om die skoolterrein tydens skoolure te verlaat: sien 5.6 hieronder.

5.3 Geen leerder mag VOOR skool by die **hoofhek** inkom en NA SKOOL uitgaan nie.

5.4 Leerders wat **bus ry** in die middag moet binne die skoolterrein wag vir die bus.

5.5 *Laatkom*

Geen leerder mag laat by die skool aankom of die skool voor die einde van die dag verlaat nie. Indien 'n leerder by hoë uitsondering laat by die skool opdaag, moet hy/sy by die algemene kantoor rapporteer om "afwesig" te herstel na "laatkom". Leerder neem bewys van aanmelding by kantoor na betrokke vakonderwyser om toegelaat te word in die klas.

5.6 *Terreinverlating gedurende die dag:*

Geen leerder mag laat by die skool aankom of die skool voor die einde van die dag verlaat nie. Toestemming om die skoolterrein tydens skoolure te verlaat sal slegs in buitengewone omstandighede gegee word en dan slegs as die ouers of wettige voogde die leerder persoonlik by die skool kom afhaal. Ouers/voogde moet die uittekenvorm en die uittekenregister voltooi. Ouer kom haal leerder by die kantoor af. 'n Bewys word aan ouer oorhandig om by hekwag in te gee.

- 5.7 **Afsprake** met dokters en tandartse moet NA skoolure gereël word.
- 5.8 Afsprake vir **rybewys**doeleindes moet na skoolure of tydens vakansies gereël word.
- 5.9 **Die HOOFHEK is slegs vir die gebruik van die personeel, ouers (gedurende die dag) en besoekers.**
- Leerders moet in die oggend voor skool en in die middag direk na skool, die hoofhek vermy en nie as aflaai- of oplaai-punt gebruik word nie.
 - Leerders word by die suid-oostelike hek (kunsklasse) af- en opgelaai.
 - Gedurende skoolure mag die leerder slegs die hoofhek gebruik indien hy/sy die terrein in teenwoordigheid van ouer/voog verlaat.

DUS: GEEN LEERDER WORD BINNE SKOOLTERREIN AFGELAAI NIE.

5.10 *Besoekers:*

Alle besoekers wat die skoolterrein betree, moet in- en uitteken by die hekwag aan diens.

6. Terrein

- 6.1 Die skoolgebou en terrein is ons trots. Die skoolterrein moet te alle tye **skoon en netjies** gehou word. Dit is die plig van elke leerder om toe te sien dat vullis in die vullishouers gegooi word. Enige oortreding in die verband moet onder 'n onderwyser se aandag gebring word.
- 6.2 **Beskadiging** van skoleiendom word in 'n baie ernstige lig beskou. Skade sal van die oortreder(s) verhaal word. Dit is elke leerder se plig om enige oortreding en/of enige vorm van vandalisme onmiddellik by 'n onderwyser aan te meld.
- 6.3 Leerders moet hulle daarvan weerhou om enige bemoeienis met die werkers op die terrein te maak. Werkers se **woonkwartiere** is streng verbode vir leerders.
- 6.4 *Verbode terreine en afbakening van gebiede*
- 6.4.1 Die hoofhek is buite perke vir voetgangers voor en na skool. Dit dien ook nie as af- of oplaai-punt nie.
- 6.4.2 Siekekamer, sonder skriftelike toestemming van graadhoof gedurende die dag. Leerders mag slegs daar wees met SKRIFTELIKE toestemming van die graadhoof en dan ook net vir maksimum van 2 periodes. Daarna moet ouers leerder kom afhaal.

6.4.3 Die volgende gebiede is ook vir leerders verbode gebied, voor- of naskool, GEDURENDE skoolure asook pouses.

- B en C rugbyvelde en Suid van D-blok [kan per geleentheid verander na die A rugbyvelde – afhange van toestand van veld].
- Gebied om Marabu, behalwe by snoepie.
- A-rugbyveld: 10m vanaf die grensdraad – strek vanaf Marabu [oostekant] om [Weirstraat gedeelte] tot by Weshek.
- Rondom die “Container” aan Westekekant van skool.
- Atletiekbaan en boonste rye van staalpawiljoen.
- Hoofgebou, stoepe en vierkant.
- Klaskamers asook tydelike klaskamers.
- Werkerskwartiere en store.
- Garage.
- Parkeergebied en afdakke van voertuie en motorfietse.
- Die gebied vanaf die grensdraad tot 5-meter binne die grensdraad, ook by tennisbane. [Sien A rugbyveld se gebied]
- Die hokkie en netbalvelde.

6.5 *Afbakening van gebiede:*

Gr 8-10: A-rugbyveld en sementpawiljoen en eerste 5 rye van die staalpawiljoen [kan per geleentheid verander na die B en C rugbyvelde – afhange van toestand van veld].

LW. Nie op die atletiekbaan nie.

Gr 11: Bokant personeelkamer tot by die heining (Suidekant).

Gr 12: Gebied rondom tennisbane en grasperk agter die kantore, maar nie by die motorfietse nie.

7. **Verbode op skoolterrein**

7.1 Gevaarlike speletjies. Kan lei tot summiere optrede.

7.2 Die gooi en skiet van gevaarlike voorwerpe (dit sluit krieket-; sagteballe e.a soortgelyke balle/voorwerpe wat beserings veroorsaak, in)

7.3 Hardlopery of speletjies op stoepe en/of trappe.

7.4 **Enige verbode middel.** Dit kan lei tot deursoeking van die leerder in teenwoordigheid van deursoeker en getuie – beide volwassenes. Sal onmiddellik gekonfiskeer word en aan die SAPD oorhandig word. Lei tot Dissiplinê Verhoor en skorsing/uitsetting.

- 7.5 Bakleiry/boelie. Dit kan lei tot summiere optrede om veiligheid van medeleerders te verseker.
- 7.6 Vuurwapens of enige gevaarlike wapens of toestelle, soos byvoorbeeld klappers. Dit kan lei tot summiere optrede om veiligheid van medeleerders te verseker.
- 7.7 Radio's, CD-spelers, IPOD en MP3, selfone met oorfone of enige soortgelyke toestelle.
- 7.8 Troeteldiere.
- 7.9 **Enige vorm van rook en/of rooktoestelle bv elektroniese sigarette, hubbly, vuurhoutjies, sigaretaanstecker, ens. Dit sal onmiddellik gekonfiskeer word en aan die SAPD oorhandig word.**
- 7.10 Enige vorm van toestel of vlambare materiaal wat tot enige vorm van brandstiging kan lei [Dit sluit "brandspeletjies" in].

8. Brandtoerusting

- 8.1 Geen leerder mag met die brandtoerusting speel of peuter nie. Enige oortreding van sodanige aard sal in 'n ernstige lig beskou word.
- 8.2 Die koste verbonde aan die hervul of herstel van sodanige toerusting sal van die leerder, sy ouers of wettige voog verhaal word.

9. Klaswisseling

- 9.1 Met die lui van die eerste klok soggens om 07:20 beweeg die leerders flink na die vierkant vir aantrede, of na die eerste akademiese periode, na gelang van die dag se betrokke rooster.
- 9.2 Tydens saalopening word die tasse in die vierkant geplaas. VLR hou toesig.
- 9.3 Tydens vierkantopening word die tas by die betrokke leerder gehou. Daar mag nie tydens die opening/afkondigings met tasse gepeuter, ens word nie. Tydens opening sit grade in klasverband en in afgebakende gebied.
- 9.4 Klaswisseling moet stemmig en ordelik geskied. Tydverspilling tydens wisseling word nie geduld nie. Laatkommery in klaskamers is steurend en word nie geduld nie.
- 9.5 As 'n onderwyser afwesig is, word 'n toesigrooster gevolg. **Die versuim om toesig te volg is stokkiesdraai, 'n C-kategorie oortreding [50 debiet punte].**

- 9.6 Geen leerder mag tydens periodes rondloop, die kleedkamer besoek of iets dergeliks, sonder die onderwyser se toestemming (op die betrokke dag) in sy/haar skooldagboek nie.
- 9.7 Geen leerder mag sonder 'n **dagboek** op die stoepe wees nie. Die dagboek moet geteken word deur die betrokke vakonderwyser; aangetoon waarheen gaan asook die tyd. **Die versuim om sonder dagboek rond te loop, is 'n C-kategorie oortreding.**

10. Respek vir ander se eiendom

- 10.1 Geen diefstal of beskadiging van ander se eiendom sal geduld word nie.
- 10.2 **Elke leerder se eiendom is sy/haar eie verantwoordelikheid.** Die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir enige artikel wat verlore of beskadig raak nie. Eiendom moet duidelik gemerk word sodat dit maklik uitgeken kan word.
- 10.3 Leerders moet te alle tye hulle eiendom, wat skooltasse insluit, by hulle hou en veral voor skool en tydens pouses daarop let om dit nie onbewaak te laat indien dit nie in lokale toegesluit is nie.
- 10.4 *Fietse* word slegs in die fietsloods gelaat waar dit toegesluit word. Indien 'n fiets op enige ander plek gelaat word, is dit strydig met die reëls.
- 10.5 *Fietse* mag nie op enige rugby-, hokkie-, netbal- of atletiekvelde mee rondgeroer word nie. Dit sluit die geboue en tennisbane in.
- 10.6 Indien enige artikel opgetel word, moet dit by die algemene kantoor ingehandig word. Navrae oor verlore artikels kan ook tydens pouses by die algemene kantoor gedoen word.
- 10.7 Gekrappery, geskrywery op banke, mure of skool-eiendom word nie toegelaat nie. Word beskou as **VANDALISME. Is 'n Kategorie-A oortreding Herstelkoste is vir die ouerrekening.**

11 Skooltas

- 11.1 'n *Skooltas* moet stewig, sindelik, ordentlik en met afskortings wees om die boeke te beskerm. Slegs die leerder se adres of besonderhede mag op die tas geskryf of geplak wees.
- 11.2 Geen graffiti, gekrappery, tekens, slagspreuke of enige aanstootlikhede, mag op die tas geskryf of gevef wees nie.

12. Skooldagboek, skrifte en handboeke

- 12.1 Elke leerder **moet 'n skooldagboek besit en dit moet elke dag byderhand wees**. Dit is 'n oortreding as die dagboek nie beskikbaar is nie.
- 12.2 Die dagboek, skrifte en handboeke moet goed versorg word.
- 12.3 Geen ongewenste prente, foto's of enige voorstellings, vuil taal of onvanpaste graffiti mag daarin voorkom nie.
- 12.4 Verlore dagboeke moet onmiddellik vervang word deur een by die algemene kantoor aan te koop.
- 12.5 **Geen leerder mag sonder 'n dagboek op die stoepe wees nie**. Die dagboek moet geteken word deur die betrokke vakonderwyser; aangetoon waarheen gaan asook die tyd. Die versuim om sonder dagboek rond te loop, is 'n C-kategorie oortreding.

13. Ontgroening en Oriëntering

- 13.1 Ontgroening in enige vorm deur enige leerder is absoluut verbode.
- 13.2 Enige optrede van leerders wat die menswaardigheid of persoonlike besittings van hulle maats aantas, word ten strengste verbied.
- 13.3 Oriëntering tov inskakeling en kennisgee van skoolreëls van nuwe leerders word deur die VLR gereël en gehanteer soos deur die hoof goedgekeur.

14. Afwesighede

- 14.1 Indien 'n leerder afwesig is moet die ouers of wettige voogde die skool, verkieslik dieselfde dag voor 07:15, daarvan in kennis stel.
- 14.2 Wanneer 'n leerder afwesig was, moet hy/sy op die eerste dag van sy/haar terugkeer, 'n brief geskryf en onderteken deur die ouer of wettige voog aan die klasvoog oorhandig. Die rede(s) vir die afwesighede en kontaknommers moet verstrek word. Doktersertifikate moet ingehandig word vir drie dae of meer se onafgebroke afwesigheid.
- 14.3 **LET WEL: Afwesighede op amptelike toetsdae, gedurende die eksamen asook enige amptelike portefeuljewerk** word slegs aanvaar indien die leerder 'n doktersertifikaat of begrafnisbrief kan voorlê. Die leerders sal dan 'n geleentheid kry om die toets/eksamen of portefeuljewerk in te haal/te skryf. *Datum en tyd word deur die graadhoof/vakonderwyser bepaal en volledige*

toets/eksamen/portefeulje word gemerk. Dit hoef NIE dieselfde toets of eksamen as die reeds geskrewe een te wees nie.

- 14.4 Indien daar egter NIE 'n doktersbrief of begrafnisbrief ingehandig word nie, sal die leerder skryf sodra hy/sy terug is by die skool. Dit hoef NIE dieselfde toets of eksamen as die reeds geskrewe een te wees nie.
LET WEL dat die antwoordstel dan net gemerk sal word tot die bepaalde vak se minimum slaagsyfer.
- 14.5 Indien die leerder wat afwesig was, en 'n wettige verskoning gehad het, nie opdaag op die nuut gereelde dag en tyd nie, geld 14.4.
- 14.6 'n Leerder wat 'n gedragspatroon van afwesighede toon, sonder dat enige wettige rede SKRIFTELIK aan die skool verskaf is, sal van die skool se rekords afgehaal word. Ouers sal van die **deregistrasie** per skrywe of sms ingelig word. Waar van toepassing, word die GDO per skrywe ingelig. Sogenaamde leerder moet weer aansoek doen vir hertoelating tot Hoërskool Tuine.
- 14.7 Vir elke 5 dae wat 'n leerder laat aanmeld by die skool en/of vroeg uitteken, sal hy/sy 1 dag afwesig gemerk word.

15. Siek of beseerde leerders

- 15.1 'n Leerder wat beseer of siek raak gedurende skoolure rapporteer onmiddellik by die graadhoof. Die ouers of wettige voogde sal gekontak word om die leerder te kom haal indien dit nodig blyk te wees. Geen leerder mag self sy ouers of voogde skakel om hom/haar te kom haal nie.
- 15.2 Geen leerder mag sonder toestemming die **siekekamer** gebruik of besoek nie. Leerders mag slegs daar wees met SKRIFTELIKE toestemming van die graadhoof en dan ook net vir maksimum van 2 periodes. Daarna moet ouers leerder kom afhaal.
- 15.3 Slegs leerders wat siek is EN wag dat ouers hul kom afhaal, mag daar wees. Geen ander leerder nie!! **Indien leerder sonder toestemming daar is, sal dit beskou word as stökkiesdraai – C-kategorie.**

16. Die gebruik van selfone

[Verwys spesifiek ook hier na Gedragkode Hoofstuk 3 punt 30.1 – 30.16].

- 16.1 Geen leerder mag 'n selfoon, oorfone, kameras, tablette, MP3-spelers, ipod, radio of enige ander elektroniese apparaat tydens skoolure gebruik nie.
- 16.2 Musiek moet, sodra die leerder die skool betree, dadelik afgesit word.

- 16.3 Leerders mag nie hul ouers bel om hulle by die skool te kom haal nie. Hierdie reëlings moet via die graadhoofde getref word.
- 16.4 As 'n ouer 'n kind wil bel, word dit via die sekretaresse in die kantoor gedoen.
- 16.5 Indien bogenoemde reëlings enigsins deur 'n leerder verontagsaam word, sal die selfoon of ander elektroniese apparaat geneem word en by die kantoor ingehandig word.
- 16.6 Die foon sal die eerste keer gehou word vir een dag. Daarna vir 3 skooldae. **In al die gevalle moet dit dan deur een van die ouers persoonlik in die kantoor afgehaal word by kantoor.** Tye: Maandag tot Donderdag – tussen 14:00 en 14:30.

17. Openbare optrede

- 17.1 Daar word van elke leerder verwag om altyd 'n ambassadeur van sy/haar skool te wees.
- 17.2 Leerders moet te alle tye hoflik, goedgesmanierd en erkentlik optree teenoor maats, onderwysers, besoekers en die publiek. Enige optrede of gedrag in stryd hiermee sal nie geduld word nie. Dit sluit leerder se DRAG en GEDRAG in. **Geen sigbare tatoeëermerke** word toegelaat soos in Beleid van skool bepaal.
- 17.3 Minderjarige word volgens die landswette verbied om te **rook**. Geen leerder mag op die skoolterrein rook, in die teenwoordigheid van iemand wees wat rook, of in die besit van enige rooktoestel wees nie. Geen leerder mag buite die terrein, terwyl hy/sy geklee is in skooldrag, rook of in die besit van 'n rooktoestel wees nie. Verder mag leerders ook nie in besit wees van vuurhoutjies, aanstekers of verwante voorwerpe wat met vlamme of tabak verband hou nie. **Die toestelle sal onmiddellik gekonfiskeer en vernietig word. Dit kan ook aan die SAPD oorhandig word. Enige rookvoerval (asook toeskouer) lei tot detensie.**
- 17.4 **Geen leerder mag in besit wees van enige vorm van alkoholiese drank en/of gewoontevormende middels nie.** Die gebruik daarvan is verbode. Dit kan lei tot onmiddellike tydelike skorsing hangende dissiplinêre verhoor deur die beheerliggaam. Patologiese toetse by Vermaak en Kie of Du Buisson en vennote sal op oueronkoste ingehandig moet word by die skool – binne gegewe tyd soos deur skool bepaal. **Let wel:** GEEN toetse deur 'n apteek en/of dokters sal aanvaar word. Hierdie bepaling geld ook vir toeskouers. **Die toestelle sal onmiddellik gekonfiskeer en aan die SAPD oorhandig word.**

17.5 Die sogenaamde “hubbly”, toepaslike toestelle en toebehore word totaal verbied. **Die toestelle sal onmiddellik gekonfiskeer en aan die SAPD oorhandig/ vernietig word.**

18. Boelie – enige vorm – word nie toegelaat nie.

Dit is 'n Skolewet Bylae 2 oortreding en kan lei tot Dissiplinêre verhoor deur die Beheerliggaam. KUBERBOELIE is 'n kriminele oortreding en daar kan dus regstappe teen betrokke leerder geneem word deur die benadeelde persoon. ENIGE insident moet DIREK by die Dissipline Kantoor aangemeld word. Daar is TWEE POSBUSSE vir die aanmeldings voor die betrokke kantoor opgesit. Leerders rig klagte skriftelik met name van boelies, beskrywing van voorval, datum en tye. Klaer/klaagster se naam en graad moet ook asb bygevoeg word vir opvolg/terugvoer. Ouers en leerders kan mev. J Kriel ook direk kontak.

19. Geen onaanvaarbare seksuele gedrag of teistering/ pornografie word toegelaat nie. Moet direk by Dissipline Kantoor aangemeld word. Kategorie-A oortreding.

20. Bakleiry word nie toegelaat nie.

Dit is 'n Skolewet Bylae 2 oortreding en kan lei tot Dissiplinêre verhoor deur die Beheerliggaam. ENIGE insident moet DIREK by die Dissipline Kantoor aangemeld word.

21. Detensie

- 21.1 Vind plaas op Dinsdae, Woensdae en Donderdae DIREK na skool vir EEN uur.
- 21.2 Gemeenskapdiens/skoonmaakdiens word verrig soos gereël deur toesighouer.
- 21.3 'n Leerder wat skuldig bevind word aan **rook** en **rookverwante oortredinge**, moet vir die eerste oortreding **drie** middag detensie bywoon. Na 'n volgende oortreding word die aantal detensiedae vir hierdie oortreding, volgens die dissiplinêre hoof se oordeel bepaal.
- 21.4 Indien die leerder **100-punte** het, bepaal die dissiplinêre hoof/graadhoof volgens eie oordeel **na** die volgende oortreding, die aantal detensiedae of ander toepaslike tugmaatreël.
- 21.5 Na 'n **kategorie-A en/of kategorie-B oortreding** bepaal die adjunkhoof tesame met hoof die aantal detensiedae volgens eie oordeel of ander toepaslike tugmaatreël by Dissiplinêre Verhoor deur die Beheerliggaam.

21.6 Daar is ook volgens 'n rooster detensie (*Sin Bin*) op 'n Vrydagmiddag DIREK na skool vir DRIE ure. Dit is 'n studiesessie. Let wel: Dit is nie elke Vrydagmiddag nie.

B. SKOOLREËLS: ALGEMENE VOORKOMS

LW dat die gedragskode (insluitend die skoolreëls) van toepassing is

- Op die perseel van die skool, tydens of na skoolure
- Gedurende skoolaktiwiteite, binne of buite die perseel, gedurende of buite skoolure, selfs sonder dat skooluniform gedra word.

22. Algemeen [seuns en dogters]

- 22.1 Leerders moet te alle tye skoon en netjies wees.
- 22.2 Hemde mag nie by rompe of langbroeke uithang nie.
- 22.3 Geen versierings of ander voorwerpe mag by skooldrag gedra word nie, behalwe soos gespesifiseer.
- 22.4 Geen **T-hemde** mag onder die skooldrag uitsteek nie.
- 22.5 Skooldrag moet korrek volgens die voorskrifte vir somer- of winterdrag gedra word. Leerders mag nie somersdrag en wintersdrag meng nie.
- 22.6 Die reëls geld te alle tye as leerders skooldrag of loslitdrag aan het. (Juwele mag nie gedra word nie.)
- 22.7 Truie of baadjies se moue mag nie opgetrek word nie.
- 22.8 Geen sigbare **tatoeërmerke** op liggaam nie.
- 22.9 Geen geskryf/gekrap/geteken op liggaamsdele nie.
- 22.10 Slegs skoolbalkies en skoolwapens mag aan skooldrag gedra word. GEEN ander versierings nie.
- 22.11 Foutiewe drag, juwele, ens sal gekonfiskeer word. Boete van R5.
- 22.12 Dae wanneer gewone drag gedra word, dus nie skooldrag nie, is alle skoolre
- 22.13 Dae wanneer **gewone drag** gedra word, dus nie skooldrag nie, **is alle skoolreëls steeds van toepassing.**

23. Dogters se reëls

23.1 Hare van die dogters

- 23.1.1 **Kuiwe** (gordyntjies) mag nie aan die wenkbroue raak nie, en moet vasgesteek word indien dit te lank is.
- 23.1.2 Lang kuiwe en **slierte** mag nie in die gesig en voor of agter die oor hang nie.
- 23.1.3 “**Dreadlocks**” word nie toegelaat nie.
- 23.1.4 Hare wat bo-oor die **kraag** hang, moet vasgemaak word dmv rekkies.
- 23.1.5 Lang hare moet **UITGEKAM** en **netjies vasgemaak** wees.
- 23.1.6 Hare mag nie van die kop wegstaan as dit vasgemaak is nie.
- 23.1.7 Hare mag **nie gekleur** word nie. Sonstrepe is ook nie aanvaarbaar nie.
- 23.1.8 Geen vreemde of **uitheemse modegier** (style) word nie toegelaat nie.
- 23.1.9 **Geen verlengstuk [op enige manier] mag gedra word nie.**
- 23.1.10 Geen sigbare haarstilleringsmiddels mag gebruik word nie. (bv. gel, mousse of haarsproei)
- 23.1.11 **Poniesterte** moet netjies en stewig vas wees. Geen los slierte mag uithang nie.
- 23.1.12 **Vasmaakmiddels.** Slegs die ondergenoemdes mag gebruik word:
- Kammetjies of rekkies
 - Linte
 - “Banana clips”
 - Vlinders (Dit moet **klein** wees en 'n maksimum van TWEE)

Die kleure wat gebruik mag word:

- Bruin/beskuitjiebruin
- Deurskynend
- Swart/groen
- Geel/goud

SLEGS VLR MAG WIT DRA!!!

Dogters moet ten alle tye netjies vertoon.

23.2 *Grimering by die dogters*

- 23.2.1 Geen grimering mag gedra word nie. Indien medisinale middels nodig is, moet skriftelike toestemming van die graadhoof/dissiplinêre hoof verkry word. Toestemming sal in DAGBOEK geskryf word. 'n Kosmetiese onderlaag is nie toelaatbaar nie.
- 23.2.2 “Lip gloss” mag slegs 'n NATUURLIKE kleur wees.

23.3 *Naels van die dogters*

- 23.3.1 Naels moet kort, netjies, skoon en sonder punte wees en mag nie oor die vingerpunt steek nie. [as daar van die palm se kant na die hand gekyk wpord, mag die nael NIE oorsteek nie].
- 23.3.2 Slegs kleurlose naellak mag gedra word.
- 23.3.3 Naels mag NIE opgebou wees nie
- 23.3.4 Geen “french manicure” mag gedra word.

23.4 *Juwele by die dogters*

- 23.4.1 Geen hangertjies, bandjies, rekkies, neusringe, tongringe of derglike juweelversierings is toelaatbaar nie.
- 23.4.2 Slegs die volgende juwele is toelaatbaar: Foutiewe juwele sal gekonfiskeer word, boete van R5.
- Polshorlosie met 'n normale standaard band met **geen** ekstra versierings.
 - Ooringe en knoppies wat ingeskiet is. EN slegs aan die ONDERKANT van die oorlel.
 - Ooringe mag nie groter as 'n nuwe twintigsentstuk wees nie. Dit mag nie met 'n “stud” agter vasmaak nie. **Dit moet deur die gaatjie kan draai.**
 - Geen knoppies met steentjiespatrone of gekleurde oorbelle nie.
 - Slegs een ooring of knoppie per oorbel, per oor.
 - Indien oorkrabbertjies gedra word, moet daar eenderse krabbertjies in albei ore wees.
 - Oorkrabbertjies moet in die onderste gaatjie van die oorlel wees.
 - Seëlringe sonder steen, aan ringvinger. (Geen ander vinger!!)

- Ontoelaatbare juwele en ander toebehore sal gekonfiskeer word.
- Geen bandjies, slegs 'n horlosie.
- **Geen sigbare tatoeëermerke. Enige TATOEËRMERK moet BEDEK wees**

23.5 Somersdrag van die dogters

- Voorgeskrewe donkerbruin dameslangbroek [**mag NIE AFGEWERK word nie**].
- Skoolbroek wat voorsiening maak vir 'n lyfband, sal met 'n swart of bruin lyfband gedra word. Die lyfband sal die broek ten alle tye bo die heupbene omgord.
- Skoolbroek wat nie voorsiening maak vir 'n lyfband nie, sal ten alle tye bo die heupbene gedra word.
- Donkerbruin skoene met bandjies oor die voet, of 'n toerygskoene [GEEN TOMMIE TEKKIES of enige ander skoene].
- Beskuitjiebruin katoensokkies [slegs EEN maal omgevou].
- Daar mag NIE enige ander kleur kous onderaan uitsteek by die enkels, ens nie [bv. wit kouse onderaan die beskuitjiebruinkouse wat dan uitsteek].
- Donkerbruin romp met SES bane – mag NIE afgewerk word nie.
- Die lengte van die skoolromp mag NIE korter as 8 [agt] sentimeter vanaf die grond wees as die dogter KNIEL nie.
- Die romp mag NIE opgerol word nie.
- Beskuitjiebruin (“Peter Pan” – kraag) bloesie.
- Donkerbruin oortrektrui (“pull over”) met skoolkleure in die kraag (opsioneel)
- Indien 'n LANGMOU hemp gedra word, moet 'n DAS aangesit word.
- **Daar moet ten alle tye die korrekte skooldrag ONDER die sportbaadjie/trui gedra word.**

23.6 Wintersdrag van die dogters

- Skoene soos somersdrag. GEEN TOMMIE TEKKIES of enige ander vreemde skoene.
- Donkerbruin kuitkouse (seunskouse) of “Burnish Brown” sykouse.
- Beskuitjiebruin langmouhemp met daskraag en skouldas.

- Voorgeskrewe bruin dameslangbroek [**mag NIE AFGEWERK word nie**].
- Skoolbroek wat voorsiening maak vir 'n lyfband, sal met 'n swart of bruin lyfband gedra word. Die lyfband sal die broek ten alle tye bo die heupbene omgord.
- Skoolbroek wat nie voorsiening maak vir 'n lyfband nie, sal ten alle tye bo die heupbene gedra word.
- Skooltrui, kleurbaadjie, sportbaadjie (soos by verskaffers beskikbaar)
- 'n Skooldas is verpligtend by die dra van 'n langmouhemp.
- 'n Skooldas is verpligtend by die dra van 'n skoolbaadjie.
- **Daar moet ten alle tye die korrekte skooldrag ONDER die sportbaadjie/trui gedra word**

24. Seuns se reëls

24.1 Somersdrag van die seuns

- Donkerbruin skoolskoene of “Grasshoppers”.
- Donkerbruin langkouse.
- Donkerbruin kortbroek of donkerbruin langbroek.
- Beskuitjiebruin oopnekhemp.
- Donkerbruin oortrektrui (“pull over”) met skoolkleure in die kraag (opsioneel).
- **Nie swart skoene nie.**
- 'n Skooldas is verpligtend by die dra van 'n langmouhemp.
- 'n Skooldas is verpligtend by die dra van 'n skoolbaadjie.
- Skoolbroek wat voorsiening maak vir 'n lyfband, sal met 'n swart of bruin lyfband gedra word. Die lyfband sal die broek ten alle tye bo die heupbene omgord [**mag NIE AFGEWERK word nie**].
- Skoolbroek wat nie voorsiening maak vir 'n lyfband nie, sal ten alle tye bo die heupbene gedra word [**mag NIE AFGEWERK word nie**].
- Skooltrui, kleurbaadjie, sportbaadjie (soos by verskaffers beskikbaar).
- **Daar moet ten alle tye die korrekte skooldrag ONDER die sportbaadjie/trui gedra word.**

24.2 *Wintersdrag van die seuns*

- Skoene en kouse soos somersdrag.
- Donkerbruin langbroek.
- Beskuitjiebruin langmouhemp met daskraag en skooldas.
- 'n Skooldas is verpligtend by die dra van 'n langmouhemp.
- 'n Skooldas is verpligtend by die dra van 'n skoolbaadjie.
- Skooltrui, kleurbaadjie, sportbaadjie (soos by verskaffers beskikbaar).
- Skoolbroek wat voorsiening maak vir 'n lyfband, sal met 'n swart of bruin lyfband gedra word. Die lyfband sal die broek ten alle tye bo die heupbene omgord.
- Skoolbroek wat nie voorsiening maak vir 'n lyfband nie, sal ten alle tye bo die heupbene gedra word.
- Skooltrui, kleurbaadjie, sportbaadjie (soos by verskaffers beskikbaar).
- **Daar moet ten alle tye die korrekte skooldrag ONDER die sportbaadjie/trui gedra word.**

24.3 *Hare van die seuns, baard en snor.*

- 24.3.1 Die seuns se hare moet ten alle tye kort en netjies wees. Dit is NIE die skool se plig om jou eers te waarsku oor voorkoms nie!!!
- 24.3.2 **Oor die algemeen kan die volgende reëls gestel word (LW al die reëls geld vir seuns met krulhare ook):**
- a. Geen haarstillingsmiddels mag gebruik word nie. (Bv gel, mousse, ens).
 - b. Hare mag nie oor die ore hang nie. Hare om die **ore** moet skoongeknip wees. Die hare mag nie die ore OF die hemp se kraag raak wanneer dit af gekam word nie.
 - c. **Nek** moet bokant die kraag skoon geskeer wees. Hare in die nek mag nie oor die hemp se kraag hang nie.
 - d. As die **kuif** vorentoe gekam sou word, mag dit nie oor die wenkbroue hang nie. Ten minste EEN cm bokant wenkbrou wees.
 - e. Seuns se hare moet van die oor en nek af **EGALIG na die bokant van die kop** weggeskeer wees [Die hare moet dus geleidelik korter word na onder].

- f. Die **kuif en hare op die kop** mag nie langer as 4 cm wees nie
- g. Geen **uitheemse modegiere [vreemde haarstyle]**, bv. “steps”, “mohawk”, stertjies, “undercut” of ENIGE ANDER modegier, ens nie.
- h. Hare of gedeeltes daarvan mag **nie gekleur** word nie – peroksied mag ook nie gebruik word nie.
- i. Geen haarknippies of iets dergeliks mag gedra word.
- j. Seuns se **wangbaarde** (bakkebaard) mag nie laer as die middel van die opening oor die oor gedra word – dit moet kort geskeer en dieselfde breedte wees.
- k. 'n Seun wat reeds **skeer** moet elke dag skoongeskeer en netjies wees.
- l. Geen **snorre of baarde** mag gedra word.
- m. Geen **“dreadlocks”** of enige vorm van **verlengstuk** in hare, word toegelaat nie.

24.3.3 NAELS kort, netjiese naels (as daar van die palm se kant na die hand gekyk word, mag die nael nie oorsteek nie.)

24.3.4 Geen gesigsgrimering of iets dergeliks mag gedra word nie.

24.4 *Juwele by die seuns*

Foutiewe juwele sal gekonfiskeer word, boete van R5.

- a. Geen bandjies om arms.
- b. **Geen sigbare sigbare tatoeëermerke. Enige tatoeëermerk moet bedek wees.**
- c. Geen juwele soos armbande, kettings, hangertjies, ringe, ooringe, neusringe, tongringe of enige dergelike juwele mag gedra word nie.
- d. Slegs 'n polshorlosie met 'n normale standaard band met geen ekstra versierings mag gedra word.

25. Loslitdrag

- a. Die AMPTELIKE gholfhemp [verkrygbaar by verskaffer] met die voorgeskrewe LOSLIT broek [Enige geel gholfhemp/geel hemp is NIE aanvaarbaar].
- b. Tekkies met skoolsokkies waarop TUINE staan [beskikbaar by verskaffers].

- c. Word aangetrek op bepaalde dae soos afgekondig deur die skoolhoof en volgens voorwaardes
- d. Deur die toeskouers en deelnemers by sportgeleenthede.
- e. Tydens uitstappies, bv toerisme toere, Tip Top Tiener uitstappie, ens.

26. Sportdrag

'n Eenvormige sportbaadjie vir die dra by alle sportgeleenthede.

26.1 *Atletiekdrag*

- 26.1.1 Geel atletiekfrokke vir die seuns en dogters.
- 26.1.2 'n Bottelgroen polyskort met 'n BOTTELGROEN skibroek(opsioneel) word deur beide seuns en dogters gedra. **LW. Skibroek mag nie uitsteek nie.**
- 26.1.3 Sweetpakbroek en -baadjie of loslitdrag. **LW. Geen borduurwerk op die sportbaadjie. Slegs die leerder se eie naam is toelaatbaar. Geen slagspreuke of byname.**

26.2 *Netbaldrag en hokkie drag*

- 26.2.1 Groen rompie
- 26.2.2 Groen moulose toppie
- 26.2.3 Wit sokkies met TUINE in groen vir netbal
- 26.2.4 Emeraldgroen kouse met TUINE in geel vir hokkie.

26.3 *Rugbydrag*

- 26.3.1 Skoolrugbytrui.
- 26.3.2 Emeraldgroen kouse met TUINE in geel
- 26.3.3 Wit rugbybroek ('n WIT skibroek mag onder die wit rugbybroek aangetrek word, mits dit nie uitsteek nie.

26.4 *Sagtebal*

- 26.4.1 Geel gholfhemp.
- 26.4.2 Wit sagtebalbroek
- 26.4.3 Emerald kouse met TUINE in geel daarop

Dissiplinêre stelsel

27. Algemeen

- 27.1 Hierdie stelsel is die uitvloeisel van verskeie werksessies en samesprekings tussen personeel, leerders en die beheerliggaam.
- 27.2 Elke situasie word op meriete hanteer.
- 27.3 Hulpgewing aan leerders word vooropgestel. Waar nodig word leerder vir maatskaplike berading verwys. Ernstige gevalle word ook na die GDO verwys.
- 27.4 Die toepassing van tugmaatreëls word toegepas na skuld bo alle twyfel bewys is.
- 27.5 Aanmelding (deur personeel/LVR) word skriftelik voltooi en ingehandig by dissipline kantoor.
- 27.6 Insident word ondersoek (indien van toepassing) en ingesleutel.
- 27.7 Leerders mag na 'n aanmelding sy/haar weergawe skriftelik by dissiplinêre kantoor inhandig.
- 27.8 Afhangende van erns van insident, sal toepaslike dissiplinêre stappe gevolg word.
- 27.9 Onreëlmatighede in 'n toets/eksamen/portefeuljewerk sal lei tot 'n SAIC verhoor.
- 27.10 Enige ongelukkighede/voorstelle wat leerders het, word by dissipline kantoor in die spesifieke houer geplaas. [DIT WORD VERTROULIK HANTEER] Sommige gevalle kan deurgegee word na die Hoof/Beheerliggaam.
- 27.11 **Die volgende 4 kategorieë vorm die raamwerk waarbinne die dissiplinêre stelsel werk. Die dissiplinêre hoof mag die inskrywing wysig na bespreking met bestuur.** Volledige uiteensetting kan verkry word by die Dissipline Kantoor.

27.12 KATEGORIE-A OORTREDINGS = 200 Debietpunte [SLEGS RIGLYNE]

- Aggressie teenoor onderwyser
- Haatspraak/rassisme
- Boelie/intimidasie/dreig
- Oneerlik (eksamen/toetse/portefeulje)
- Boelie (kuber-/emosioneel/seksueel)
- Satanisme
- Baklei (doelbewuste besering)

- Seksistiese insidente/teistering
- Bendebedrywighede
- Verbode leestof/kykstof in besit/versprei
- Brandstigting
- Vandalisme/saakbeskadiging (opsetlik)
- Drank/dwelms in besit
- Vloek van onderwyser
- Drank/dwelms gebruik
- Enige oortreding waarvan oneerlikheid 'n element is tot die oortreding
- Daad van gruwelike ongehoorsaamheid pleeg of immorele gedrag openbaar
- Wangedrag wat skool se beeld en etos in gedrang bring
- Godslastering
- Wapens/gevaarlike voorwerpe by die skool (enige vorm)
- Herhaaldelik skuldig bevind is aan oortredings van die leerdergedragskode en ouer telkens daaromtrent telefonies/skriftelik/per sms ingelig is

SKOLEWET BYLAE 2 oortredings word hanteer deur die Hoof/Adjunkhoofde/Dissiplinêre Hoof.

Moontlike strawwe/tugstappe Skolewet Bylae 2 oortredings

- Inlees op die dissipline stelsel
- Ouers word in kennis gestel – dit kan telefonies of per brief of per sms wees
- Oueronderhoud waar nodig [leerder moet onderhoud ook bywoon]
- Berading van leerder
- Deurloping van nie-Regerings- en/of Regeringsorganisasie-program
- Rooi kaart
- Detensie vir tot 10 ure/gemeenskapsdiens
- Swartsakdiens/terreindiens vir EEN kwartaal
- Skriftelike waarskuwing
- Verwysing na In-skool uitsluiting
- Ontneming van voorregte soos toere, spandeelname, bywoon van funksies/aktiwiteite, eksamenverlof, ens
- Ontneming van kleuretoekennings (prysuitdeling) of verkose posisie soos VLR, ens Permanent van aard
- Oneerlikheid (akademies) SAIC ondersoek en kan lei tot SAIC verhoor
- Beheerliggaam en GDE (waar van toepassing) word in kennis gestel

- Kan lei tot tydelike skorsing [verbod op leerder se bywoning van 'n skool itv relevante wetgewing]
- Kan lei tot uitsetting uit skool [permanente verbod op leerder se bywoning van die skool waarby hy/sy ingeskryf was, deur die Departementshoof, nadat die proses itv die relevante wetgewing gevolg is]
- Dissiplinêre Aksie word geneem kragtens Kennisgewing 6903 van 2000 en Algemene kennisgewing 2591 van 2001. Dit behels 'n volledige verhoor met getuienis en verslae wat gereël word soos omskryf in die Provinsiale Gazette No 144 van 2000. [Verwys ook na riglyn dokument *Alternatives to Corporal Punishment* van 5 Okt. 2000 deur die GDE]
- Ander strawwe eiesoorting aan oortreding

27.13 KATEGORIE-B OORTREDINGS = 100 Debietpunte [SLEGS RIGLYNE]

- Aggressie (enige vorm)
- Oneerlikheid (ander vorme)
- Baklei/boelie (toeskouer)
- Rook sigarette/e-sigarette/hubbly, ens
- Baklei/boelie (aanhitsing)
- Rook in straat/skoolaktiwiteite/ander skole
- Baklei (sonder enige ooglopende beserings)
- Sigarette/e- sigarette/hubbly, ens in besit
- Diefstal
- Spuug (enige vorm)
- Dieremishandeling
- Toeskouer by rook
- Dwelms (teenwoordig waar gebruik word)
- Swak gedrag (hoof, gasspreker, ander skole)
- Gevaarlike speletjies (insluitend balspele)
- Stokkiesdraai - heel dag
- Klappers aansteek/gooi/in besit/versprei
- Vry in skooldrag (binne en buite skool)
- Klasontwrigting (onderrig kan nie voortgaan)
- Vervalsing (enige vorm)
- Neem van foto's/bakleiery, ens (op selfone, ens) en/of versprei dit
- Wangedrag tydens wedstryde, funksies, ens
- Minagting van straf
- Woon gereeld nie detensie by nie
- Herhaaldelike wangedrag tydens onderrig
- Woon nie gedragsontwikkelingsprogram by

SKOLEWET BYLAE 2 oortredings word hanteer deur die Hoof/
Adjunkhoofde/Dissiplinêre Hoof

Moontlike strawwe/tugstappe Skolewet Bylae 2 oortredings

- Inlees op die dissipline stelsel
- Ouers word in kennis gestel – dit kan telefonies of per brief of per sms wees
- Oueronderhoud waar nodig [leerder moet onderhoud ook bywoon]
- Berading van leerder
- Deurloping van nie-Regerings- en/of Regeringsorganisasie-program
- Geel kaart/Oranje kaart/Rooi kaart
- Detensie vir tot 6 ure/gemeenskapsdiens
- Swartsakdiens/terreindiens vir VIER weke (maksimum)
- Skriftelike waarskuwing
- Vuurpeleton/interne verhoor
- Verwysing na In-skool uitsluiting
- Ontneming van voorregte soos toere, spandeelname, bywoon van funksies/aktiwiteite, eksamenverlof, ens
- Ontneming van kleuretoekennings (prysuitdeling) of verkose posisie soos VLR, ens – kan permanent wees
- Beheerliggaam en GDE (waar van toepassing) word in kennis gestel
- Kan lei tot tydelike skorsing [verbod op leerder se bywoning van 'n skool itv relevante wetgewing]
- Kan lei tot uitsetting uit skool [permanente verbod op leerder se bywoning van die skool waarby hy/sy ingeskryf was, deur die Departementshoof, nadat die proses itv die relevante wetgewing gevolg is.
- Dissiplinêre Aksie word geneem kragtens Kennisgewing 6903 van 2000 en Algemene kennisgewing 2591 van 2001. Dit behels 'n volledige verhoor met getuienis en verslae wat gereël word soos omskryf in die Provinsiale Gazette No 144 van 2000. [Verwys ook na riglyn dokument "Alternatives to Corporal Punishment van 5 Okt. 2000 deur die GDE]
- Ander strawwe eiesoortig aan oortreding.

**27.14 KATEGORIE-C OORTREDINGS = 50 Debietpunte
[SLEGS RIGLYNE]**

- Afwesig: Restaurantaannde
- Nat bolle papier gooi in klas/stoepe ens.
- Dagdetensie nie bygewoon
- Oorfone (gebruik in klas/stoepe)

- Daag nie op vir wedstryde/funksies
- Portefeuljewerk nie ingehandig/gedoen nie
- Huiswerk afskryf (lener ook)
- Selfoon (gebruik in klas/stoepe)
- Kwetsende op- en aanmerkings
- Selfoon/oorfone weier om in te handig
- Laat vir skool/klas
- Stokkiesdraai periode (bank klas)
- Leuens vertel
- Uitdaging van gesag/swak gedrag versus onderwysers
- Loop uit klas/voogklas sonder toestemming
- Vloek (op stoepe/medeleerders)
- Motorfietse/motors (ry op skoolgronde)
- Wegsteek van eiendom

SKOLEWET BYLAE 1 oortredings word hanteer deur die Graadhoofde/Dissiplinêre Hoof

Moontlike strawwe/tugstappe

- Inlees op die dissipline stelsel
- Ouers word in kennis gestel – dit kan telefonies, per brief of per sms wees
- Onderhoud met leerder waar gedrag eskaleer.
- Oueronderhoud waar negatiewe optrede herhaaldelik voorkom
- Vuurpeleton
- Geel kaart/Oranje kaart
- Detensie vir tot 3 ure/gemeenskapsdiens/banke skoonmaak/saalstoele plakkers afhaal/graffiti op mure afwas/bossies uitskryf
- Swartsakdiens/terreindiens vir TWEE weke (maksimum)
- Mondelinge waarskuwing
- Ontneming van voorregte soos eksamenverlof, ens
- Ontneming van verkose posisie soos VLR, ens – slegs tydelik
- Addisionele werk tydens pouse of na skool.
- Skoolreëls uitskryf
- Verwysing na in-skool uitsluiting.
- Ander strawwe eiesoortig aan oortreding na goeiddunke van graadhoof, ens.

27.15 KATEGORIE-D OORTREDINGS = 20 Debietpunte [SLEGS RIGLYNE]

- Afwesig tydens oefening/wedstryde
- Rommelstroom, bemors terrein/klasse/kleedkamers
- Afwesigheidsbriewe nie ingegee nie
- Skrifte nie by die skool nie
- Dagboek nie by die skool nie
- Skeurstrokies nie terug nie
- Eet, drink, kou in klas
- Skaatsplanke ry op stoepe/skoolgronde
- Handboeke nie by skool nie
- Sonder dagboek op stoepe
- Huiswerk nie gedoen nie
- Swak gedrag op stoepe
- Ignoreer opdragte van onderwyser/afrigter
- Swak gedrag tydens opening, saal, vierkant
- Kap/stamp teen pawiljoen se sinkplate/ens.
- Swak gedrag op pawiljoene/dreunsang/vuil liedjies
- Laat vir oefening
- Voorkoms: hare, klere, juwele, ens nie volgens skoolreëls
- Lê op arms/slaap tydens les
- Verbode gebied
- Rapporte/toetse nie terug nie
- Werk nie saam in klasse nie

SKOLEWET BYLAE 1 oortredings word hanteer deur die
Graadhoofde/Dissiplinêre Hoof

Moontlike strawwe/tugstappe

- Inlees op die dissipline stelsel
- Ouers word in kennis gestel – dit kan telefonies, per brief of per sms wees
- Onderhoud met leerder waar gedrag eskaleer.
- Oueronderhoud waar negatiewe optrede herhaaldelik voorkom
- Voorkoms moet binne TWEE dae reggemaak word
- Juwele, ens word gehou vir 'n week. Boete van R5
- Foutiewe skooldrag: Het EEN WEEK om korrekte skooldrag aan te skaf
- Vuurpeleton
- Geel kaart/Oranje kaart
- Detensie vir tot 3 ure/gemeenskapsdiens/banke skoonmaak/saalstoele plakkers afhaal/graffiti op mure afwas/bossies uitskryf

- Swartskediens/terreindiens vir TWEE weke (maksimum)
- Mondelinge waarskuwing
- Ontneming van voorregte soos eksamenverlof, ens
- Ontneming van verkose posisie soos VLR, ens – slegs tydelik
- Addisionele werk tydens pouse of na skool.
- Skoolreëls uitskryf
- Verwysing na in-skool uitsluiting.
- Ander strawwe eiesoortig aan oortreding na goeëdunke van graadhoof, ens.

Let wel dat leerders te enige tyd deursoek kan word soos in Skoolbeleid/gedragskode gestipuleer.

28. Prosedure in verband met wangedrag Sien volledige Skoolbeleid/Gedragskode [beskikbaar by skool].

Bylae tot wangedrag (saamgevat in Skoolbeleid).

28.1 *BYLAE 1 (Ernstige wangedrag wat kan lei tot skorsing)*

'n Leerder sal skuldig wees aan wangedrag indien hy of sy, opsetlik en sonder regverdigte verskoning:

- 1.1 Die onderrig- of leerproses in 'n klas ernstig bedreig, ontwig of frustreer.
- 1.2 Aan 'n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool d.m.v. kollektiewe optrede te ontwig.
- 1.3 Die menswaardigheid van 'n personeellid of enige leerder of enige ander persoon aantas deur hom/haar te beledig of te belaster, insluitend rassistiese opmerkings/haatspraak.
- 1.4 Enige toets- of eksamenmateriaal versprei, wat enige ander persoon in staat mag stel om 'n onregverdigte voordeel in 'n toets of eksamen te verkry.
- 1.5 In 'n toets of eksamen of enige ander vorm van assesering bedrieglik optree.
- 1.6 Op enige wyse onwelvoeglik in die openbaar optree.
- 1.7 Enige ander persoon seksueel teister/lastig val.
- 1.8 In besit van pornografiese materiaal gevind word, of sodanige materiaal versprei.
- 1.9 Onder die invloed van alkohol verkeer of in besit van alkohol is.

28.2 *BYLAE 2 (erstige wangedrag wat kan lei tot uitsetting)*

'n Leerling sal aan wangedrag skuldig bevind word indien hy of sy:

- 2.1 Skuldig bevind word aan wangedrag soos bedoel in Bylae 1, nadat hy of sy by twee vorige geleenthede aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is.
- 2.2 Versuim om aan 'n bestraffing of opskorting as korrektiewe maatreël te voldoen,
- 2.3 Opsetlik en sonder regverdigte verskoning:
 - 2.3.1 Enige dokument of handtekening vervals tot werklike of potensiële nadeel van die skool.
 - 2.3.2 Handel dryf met enige toets-of eksamen vraestel of met enige toets- of eksamenmateriaal.
 - 2.3.3 Enige persoon omkoop of probeer omkoop t.o.v. enige toets of eksamen, om homself of 'n ander persoon in staat te stel om 'n onregverdigte voordeel daardeur te verkry.
 - 2.3.4 Hom of haar aan bedrog skuldig maak.
 - 2.3.5 Hom of haar aan diefstal skuldig maak, of andersins tot nadeel van 'n ander persoon oneerlik optree.
 - 2.3.6 In besit gevind word van enige onwettige middel, of dit gebruik, of daarmee handel dryf.
 - 2.3.7 In besit van, of gebruik of oordrag van narkotiese of ongemagtigde middels, of vertoon van visuele bewyse van sodanige besit of gebruik of oordrag.
 - 2.3.8 In besit van enige gevaarlike wapen gevind word.
 - 2.3.9 Enige ander persoon aanrand of dreig om iemand aan te rand. Dit sluit enige vorm van boelie in.
 - 2.3.10 Enige persoon as gyselaar aanhou.
 - 2.3.11 Enige persoon vermoor.
 - 2.3.12 Enige persoon verkrag, of deel vorm van enige seksuele aktiwiteit wat lei tot oortreding van landswette.
 - 2.3.13 Enige ander persoon se eiendom kwaadwillig beskadig.

Tip Top Tiener: positiewe punte



1. Dit is 'n leerder wat 'n positiewe bydrae op verskillende gebiede tot die skool se beeld, ens bv:
 - 1.1 Hulpvaardigheid
 - 1.2 Goeie gedrag en samewerking
 - 1.3 Buitemuurse aktiwiteite bv. Sport, kultuur, ens.
 - 1.4 Betrokkenheid (bv toeskouers, dekorspan, tellinghouers, ens.)
 - 1.5 Leierskap
 - 1.6 Akademiese prestasies
 - 1.7 Eerlikheid (bv aanmeld van verbode items, vandalisme, inhandig van verlore goedere, ens.)
2. Leerders moet dus sorg dat personeel/afrigters wel op die voorgeskrywe "meriete" vorm die leerder aanmeld wanneer hy/sy aan een van die bogenoemde kriteria voldoen het.
3. SPORT/KULTUUR positiewe punte: Leerders moet seker maak dat hierdie punte deur afrigters [via sportkantoor] by die Dissipline Kantoor ingehandig word EN wel op gedragstaat saam met rapport verskyn.
4. Leerders moet ook seker maak dat hierdie positiewe inskrywings WEL op die gedragsrekord van elke kwartaal verskyn.
5. Aan die einde van elke jaar word genooide leerders beloon deur op 'n TIP TOP TIENER uitstappie te gaan. Om genooi te word, word sekere kriteria in aanmerking geneem. Kriteria is by dissipline kantoor beskikbaar. [Versoeke waar die uitstappie heen kan plaasvind, kan in die posbus by dissipline kantoor (B104) ingehandig word.]

LET WEL: Indien 'n leerder hom/haar op hierdie uitstappie wangedra OF op enige wyse veroorsaak dat die busse NIE betyds kan vertrek, sal die leerder nie toegelaat word om die volgende jaar op die uitstappie te gaan.

Indien 'n leerder om een of ander rede saam met iemand anders terugkom, moet die volgende by die betrokke onderwyser op diens ingehandig word by VERTREK vanaf die skool in die oggend:

- a. SKRIFTELIKE brief van ouer wat toestemming gee
 - b. Kontaknommers van BEIDE ouers/voogde
 - c. Afskrif van die betrokke persoon wat leerder kom afhaal se IDENTITEITSDOKUMENT
 - d. Kontaknommer van betrokke persoon
- 6 'n Tip Top Tienerbalkie word aan leerders oorhandig wat geen negatiewe punte gedurende die jaar gekry het EN aan ten minste TWEE van bogenoemde POSITIEWE kriteria voldoen het. Balkie word gekoop nadat leerder brief in die verband ontvang het aan EINDE van akademiese skooljaar. Gelde word op gewone wyse by GELDKANTOOR ingehandig. [verwysing; Tip Top Tiener Balkie] Die kwitansie word dan na die Dissipline Kantoor gebring, waar dit teen die leerder se naam afgemerkt word.

DIE GRIEWE PROSEDURE

1. Die opvoedingsproses in Hoërskool Tuine is gebaseer op die gemeenskaplike samewerking van leerders, ouers, opvoeders en die personeel van die skool. Dit gebeur van tyd tot tyd dat klagtes, argumente en meningsverskille tussen die leerders en hulle mede-leerders asook tussen leerders en opvoeders of personeel van die skool mag ontstaan.
2. In belang van die bevordering van 'n goeie leeromgewing en 'n positiewe en vriendelike opvoedingsproses sal griewe volgens die volgende riglyne hanteer word:
 - 2.1 Omdat ons 'n Christelike leer voorstaan en ons die voorbeeld volg wat in die skrif vir ons voorgehou word (veral in Matt 18) sal die partye wat 'n grief het dit sover as moontlik openlik en eerlik aan mekaar stel. Eerder as om op 'n enkele siening te konsentreer, moet elke poging aangewend word om beide partye se standpunt te verstaan en te respekteer. Kommunikasie tussen partye sal die vinnigste oplossing bied.
 - 2.2 Indien die probleem nie tot bevrediging van albei partye opgelos kan word nie, moet die geval onder die aandag van 'n OPVOEDER, wat vir albei partye aanvaarbaar is, gebring word wat sal poog om 'n oplossing te vind. Indien dit ook nie slaag nie, moet die GRAADHOOF as bemiddelaar optree wat by gebrek aan 'n haalbare oplossing die saak na die Dissiplinêre Hoof of ADJUNKHOOF of SKOOLHOOF kan verwys. [Indien dit 'n dissiplinêre aangeleentheid is, word die DISSIPLINÊRE HOOF as bemiddelaar gebruik waarna die saak met skoolhoof opgeneem word]. Deurentyd word daar gepoog om die saak tot bevrediging van albei partye te skik.

- 2.3 Indien dit nie die gewenste uitwerking het nie, moet die saak na die BEHEERLIGGAAM vir finale beslissing verwys word. In die proses moet die ouers betrek word, maar ouers moet versoek word om die proses so kalm en pragmaties as moontlik te benader. Ouers moet ook net betrek word indien die skoolhoof of gedelegeerde (graadhoof/dissipline hoof, ens) dit nodig mag ag.
 - 2.4 In die finale verwysing na die BEHEERLIGGAAM sal die beheerliggaam 'n bemiddelaar aanwys wat of 'n opvoeder of 'n ouerlid van die beheerliggaam kan wees om versoening tussen die partye te bewerkstellig. Die bemiddelaar sal al die partye in 'n gesprek betrek en ook die reg voorbehou om ander buite persone te betrek in die proses.
 - 2.5 Dit is belangrik om te alle tye 'n atmosfeer van wedersydse respek, vertroue en 'n ope kommunikasie styl te bevorder in die belang van leerders se opvoeding. Die proses van vergewing en genade moet bevorder word by albei partye in 'n griewe proses.
 - 2.6 Leerders en opvoeders se regte moet te alle tye eerbiedig en bevorder word.
 - 2.7 Dissiplinêre optrede is ook nie uitgesluit van die proses indien dit nodig mag blyk nie.
 - 2.8 Indien die beheerliggaam se bemiddeling nie tot versoening kon lei tussen die betrokke partye nie, kan die saak dan na die GDE verwys word vir verdere bemiddeling.
3. Skematies lyk die proses dus soos volg:

